**Publication:** Landbouweekblad
**Title:** SA sal moet vasskop teen vereistes van EU
**AVE:** 76508.38
**Page:** 32
**Publish Date:** 25 July 2024
**Author:** THEO BOSHOFF





# SA sal moet vasskop teen vereistes van EU

**Suid-Afrika gaan sy eie definisie van volhoubaarheid moet skep en daarby vasstaan teenoor Europa, waar die landboutoestande aansienlik verskil. Europese definisies kan nie op Suid-Afrika afgedwing en gebruik word om handel te belemmer nie.**



**Appels met pere (en sitrus) vergelyk.** Die Europese Unie is 'n belangrike uitvoerbestemming vir Suid-Afrikaanse sitrus. Hoewel landbouprodukte nog nie by koolstofbelasting ingesluit is nie, ontwikkel die EU en Brittanje 'n meganisme wat 'n heffing sal plaas op produkte wat ingevoer word van lande wat minder koolstofbelasting as die EU of Brittanje betaal. *FOTO: JASPER RAATS*

Klimaatsverandering is 'n werklikheid, en volhoubare landbou is een van die swaarde wat gereeld getrek word om die gevolge te bekamp en 'n omgewingsramp af te weer. Die Europese Unie (EU) het reeds die leiding geneem om 'n reeks maatreëls vir volhoubaarheid in te stel, maar daar moet ruimte geskep word vir belangrike nuanseverskille tussen die werklikheid in Afrika en die hoogs gekontroleerde Europese omstandighede.

Innovasie en volhoubaarheid in die wêreld se voedselwaardekettings was van die groot besprekingspunte op die jaarlikse Ifama-konferensie van die internasionale vereniging vir voedsel-en-landboubesigheidsbestuur in Spanje, wat in Junie gehou is. Albei konsepte is van groot belang.

Vooruitskattings dui aan dat die wêreldbevolking teen 2050 reeds 9,8 miljard kan bereik. Terselfdertyd gaan klimaatsverandering lei tot 'n onstabieler klimaat, wat die risiko vir kosproduksie verhoog.

Innovasie soos landbou in beheerde klimaatsomstandighede, mikrobiologie, die gebruik van sensors en kunsmatige intelligensie gaan uiters belangrik wees. Landbouwaardekettings gaan nie net meer kos met minder hulpbronne moet produseer nie, maar dit sal ook volhoubaar gedoen moet word om nie alle natuurlike en biologiese hulpbronne uit te put nie.

Die basiese beginsels is nie omstrede nie, maar ek het vinnig besef daar is 'n wesenlike verskil tussen Suider-Afrika se begrip van volhoubaarheid en dié van ontwikkelde lande. Terminologie is belangrik.

Die beginsel van volhoubare praktyke klink onskadelik, maar die prentjie verander as terminologie soos volhoubaarheid, ESG (*environmental, social and governance*, oftewel omgewing, maatskaplik en staatsbestuur), gesertifiseerd organies, Green Deal en plaas-tot-bord-strategie uitruilbaar gebruik word.

Volhoubaarheid is kontekspesifiek en word bepaal deur die grootste risiko's wat elke land in die gesig staar. Die drie kernpilare van ESG, naamlik omgewings-, maatskaplike en bestuursvolhoubaarheid is ewe relevant vir Suid-Afrika, maar die gewig wat aan elke pilaar toegeken is, behoort te wissel in verhouding tot die noodsaak.

## SA kry nie genoeg krediet

Europese beleid plaas 'n groot onus op hul besighede om goeie korporatiewe bestuur toe te pas en aan streng omgewingsmaatreëls te voldoen. Dieselfde geld Suid-Afrikaanse maatskappye, maar die verantwoordelikheid teenoor gemeenskappe en maatskaplike opheffing is aansienlik groter hier.

Suid-Afrikaanse boere en landboubesighede verskaf gereeld behuising, skole, vervoer en basiese dienste vir hul werknemers en onderhou die infrastruktuur in plaaslike gemeenskappe. Dit is noodsaaklik en sonder dié pogings, wat aansienlike koste vereis, sal daar eenvoudig geen volhoubare toekoms wees vir besighede in sekere dele van die ontwikkelende wêreld nie.

Dieselfde word nie verwag van besighede in ontwikkelde lande nie, want die staat maak voorsiening vir 'n veiligheidsnet vir bestaansorg en -sekerheid.

Daar is inherent niks hiermee verkeerd nie. Inteendeel, dit is presies wat die staat veronderstel is om te doen. Maar solank as wat volhoubaarheid slegs binne die Eurosentriese paradigma van die Green Deal of plaas-tot-bord-strategie gedefinieer word, gaan Suid-Afrikaanse besighede nie die krediet kry waarop hulle eintlik geregtig is nie.

Die omgewingselement van ESG-volhoubaarheid is natuurlik 'n gedeelde risiko wat die hele samelewing in die gesig staar. Ons het 'n gedeelde verantwoordelikheid, maar die meganismes wat voorgestel word om Europese doelwitte op die res van die wêreld af te dwing, kan onbedoelde gevolge hê vir beginsels soos vrye handel en gelykheid tussen lande.





The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.

**Publication:** Landbouweekblad
**Title:** SA sal moet vasskop teen vereistes van EU
**AVE:** 76508.38
**Page:** 32
**Publish Date:** 25 July 2024
**Author:** THEO BOSHOFF

Maksimum residuvlakke is 'n gevoelige onderwerp en vereistes vir fitosanitêre maatreëls word tans by die Wêreldhandelsorganisasie betwis.

Nuwe maatreëls word ook voorgestel waar uitvoerders van sekere landbouprodukte na die EU bewyse sal moet lewer dat hul produkte nie tot ontbossing lei nie. Die bedoeling is goed, maar wat beteken dit vir Afrika, waar 60% van die wêreld se onbenutte landbougrond geleë is?

Landbouprodukte is nog nie by koolstofbelasting ingesluit nie, maar die EU en Brittanje ontwikkel 'n koolstofgrensaanpassingsmeganisme (CBAM). Dié meganisme sal 'n heffing plaas op produkte wat ingevoer word van lande wat minder koolstofbelasting betaal as die EU of Brittanje.

Suid-Afrika en ontwikkelende lande moet beslis 'n bydrae lewer om klimaatsverandering te bekamp, maar die alles-of-niks-benadering van die maatreëls kan tot konflik lei.

## Wees proaktief

'n Beter benadering word deur die Verenigde Nasies se raamwerkkonvensie oor klimaatsverandering en sy verskeie protokolle gevolg. Terwyl lande ooreenstem oor die doelwitte, word erkenning gegee vir die beginsel van gedifferensieerde verantwoordelikhede tussen lande.

Ontwikkelde lande het die voordeel geniet van 200 jaar van koolstof- en hulpbron-intensiewe ontwikkeling. Om dieselfde las en teikens nou op ontwikkelende lande te plaas, sou nie billik wees nie. Ontwikkelende lande is dus 'n grasietydperk gegee en finansieringsmeganismes is voorgestel om hulle by te staan. Dieselfde beginsels behoort te geld vir volhoubaarheid en ESG.

As daar een les is wat ek by Ifama geleer het, is dit dat Suid-Afrika proaktief sal moet optree om volhoubaarheid self te definieer. Ons sal moet opstaan en sê: "Dít is wat volhoubaarheid vir ons beteken, dít is wat vir ons belangrik is en dít is wat ons binne ons omstandighede kan doen." As ons dit nie vinnig doen nie, gaan dit vir ons voorgeskryf word.

Suid-Afrika is darem nie alleen nie: Lande in Suid-Amerika, Asië en Australasië is in 'n soortgelyke posisie en daar is baie potensiaal om by mekaar te leer. Daar kan ook wesenlike voordele in die proses wees.

As ons die noue balans tussen internasionale verwagtinge en die Suid-Afrikaanse konteks kan vind, kan dit ook geleenthede ontsluit. Met die hulp van die internasionale finansieringskorporasie het lande in Oos-Afrika 'n sogenoemde Green Finance Taxonomy opgestel waarin die landbou prominent is. Dit dien as 'n riglyn vir finansiële instellings om volhoubare beginsels te identifiseer en toe te pas, en deur die proses is sagte finansiering vir die landbouwaardeketting ontsluit.

Die landbouwaardeketting is divers, dus sal daar waarskynlik nooit 'n enkele maatstaf wees wat vir almal toepaslik is nie. Ooreenstemming oor die beginsels en die waarde van verskillende beginsels kan wel baie help. **LBW**

*Theo Boshoff is die uitvoerende hoof van Agbiz. Stuur jou mening na **lbw@landbou.com**, of gesels saam op **Landbou.com** of Facebook.*



The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.